



DANKFEES

Heb 13:1-8,15-16 | ENTREPRENEURS VAN HOOP

Die aarde sal nie wankel nie en Jesus Christus bly dieselfde

- Ps 15 beweer dat as ons doen wat reg is, ons medemens liefhet, die Here dien en in die regte verhouding met ons besittings staan, sal die aarde nie wankel nie. Hebreërs sê min of meer dieselfde. As ons gasvry is, deernis betoon met hulle wat mishandel word, en nie geld liefkry nie sal ons ontdek dat Jesus Christus altyd dieselfde is. Dis 'n vreemde gedagte want amper al wat ons ken in die wêreld is verandering en 'n wêreld wat lyk of dit wankel en steier onder liefdeloosheid en gierigheid.
- Iemand het gesê hoofstuk 11 van Hebreërs is duidelik die hoofstuk van geloof (al die stories van die geloofshelde), hoofstuk 12 is die storie van hoop (die aanmoediging om die wedloop te voltooi met die oog op die

belofde prys), en hoofstuk 13 is dan die hoofstuk van die liefde, want hier gee die skrywer as't ware die "reëls van die wedloop" deur, en dit is alles uitdrukking van liefde.

- Dis asof die Hebreër brief se skrywer vir die gelowiges wil aanmoedig om te vertrou dat God sy Skepping reg aanmekeer gesit het, en toe ons dit breek, het hy dit weer heelgemaak met dieselfde grein intakt – die grein van die liefde.

“Shaken and Stirred”

- Blykbaar was die aanvaarde manier om 'n Martini voor te berei om dit sagkens te roer en nie te skud nie. Ons ken almal James Bond se “shaken, not stirred”. Die rebel wat dinge anders wil doen, die ontembare, wat dan sowaar met sy onkonvensionele metodes die sending voltooi kry.

- Leonard Sweet skryf dat hier 'n groot kontras in Hebreërs geteken word tussen die groot dae van God, en ons klein dae van gehoorsaamheid. God doen as't ware die "shaken" deel. Hy skud die hele kosmos op sy kop deur die kosmos lief te hê ten spyte van alles en die grootste offer te bring – die van sy eie Seun. Daarmee versoen Hy hemel en aarde. Hoe onbenullig is my klein dae van omgee, liefde en betrokkenheid dan nie in vergelyking hiermee nie. Inderdaad, maar Sweet sê dis die "stirring" deel. Ons moet "stir" op 'n manier wat pas by die groot "shake" van God. Roer ons nog die pot, of het ons mismoedig geraak, teruggetrek in ons onsekerheid en mensmoegheid?
 - Is ons moeg vir "anders wees" of roer ons nog die idee dat mense wat anders as ek is afgeskryf, geïgnoreer of geëtiketteer mag word? Moenie nalaat om gasvry te wees nie!
 - Is ons moeg vir "anders wees" of roer ons nog die idee dat die wat onderdruk en mishandel word, op 'n manier daarvoor gesoek het? Dink aan die wat mishandel word!
 - Is ons moeg vir "anders wees" of roer ons nog die idee dat in verhoudings mense objekte kan wees – vervangbaar wanneer opgebruik? Wees getrou aan mekaar!
 - Is ons moeg vir "anders wees" of roer ons nog die idee dat mens net soveel kan gee en omgee voordat jy maar vir jouself moet begin sorg? Wees goed en mededeelsaam!
- Om saam met die grein van God te leef, beteken om die "offers van lof" te bring, offers wat teen die grein van die logika gaan dat ek vir myself moet lewe.

Geen halfhartigheid by Entrepreneurs van Liefde nie

- Daar is al baie gedink en geskryf oor die kenmerke van 'n entrepreneur, maar daar word omtrent altyd verwys na die eienskappe i) om 'n oog te hê vir 'n gaping in die mark (die passing van 'n behoefte met 'n oplossing) en ii) die moed om risiko's te neem en te eksperimenteer, selfs al mag dit misluk.
- Dis of ons hierdie eienskappe begin verloor het. Daar heers soveel politieke en ekonomiese onsekerheid om ons en verhoudinge tussen groepe is so sensitief dat ons nie meer wil kanse vat met liefde, nie meer wil eksperimenteer met hoop nie en nie meer die waarde sien in geloof nie. Die Hebreër-brief is daarom vir ons.
- Word entrepreneurs van geloof, hoop en liefde. Veral die liefde. Kry maniere om te eksperimenteer met liefde waar dit dalk verwerp mag word, hoop waar jy dalk van naïwiteit beskuldig kan word en geloof waar jy dalk gemaan kan word om eerder jou eie paadjie uit te kap.
- God vra nie dat jy die Koninkryk moet laat kom nie. Dis sy werk. Hy doen die "shaking". Hy vra dat jy sal "stir" waar ge-"stir" moet word. Soos die Engel by die bad van Bethesda die water geroer het voor die genesing gekom het.

Om oor na te dink en te gesels

- Waar het jy moeg geword om "anders te wees" en ophou probeer?
- Wat doen die onsekerheid in ons land aan jou? Hoe voel ander en wat kan ons doen?
- Waar glo jy vra die Here jou om te begin of aan te hou "stir"?